


# Vir dié doel is trust dalk beste

**Omdat bates in 'n trust nie aan een van die begunstigdes behoort nie, is dit die ideale manier om vir kinders, kleinkinders, skoonkinders of ander naasbestaandes te sorg, veral as almal nie om dieselfde vuur sit nie.**

'n Leser soek raad oor die skenk van bates aan 'n familietrust.

"Ek besit onroerende (landelike sowel as stedelike) en roerende eiendom, asook aandele. My kinders en kleinkinders bevind hulle nie om dieselfde vuur nie, en ek is voornemens om al my bates te skenk aan 'n trust wat ek reeds gestig het."

Ons kyk in hierdie artikel kortliks na 'n paar belangrike punte. 'n Trust is die ideale manier vir jou behoeftes soos hierbo uiteengesit. Maar ek meen daar is een en ander wat jy dalk miskyk.

Die trust is ideaal omdat kinders en kleinkinders, die begunstigdes, nie noodwendig vriende hoef te wees nie. In baie gevalle wat ek sien, is hulle juis nie. En moenie meen joune gaan anders wees nie. As geld rondlê, wil elkeen sy vingers daarop kry. Opvoeding, liefde en al die mooi dinge wat jy oor jare by die kinders probeer vestig het, word maklik by die deur uitgesmyt as geld praat.

Ons sukkel in een geval al 'n paar jaar om 'n eenvoudige boedel af te handel omdat twee broers, albei redelik vermoënd in eie reg, goed geleerd en sekerlik ook geag in hul eie sosiale kringe, mekaar nie 'n duit gun nie. Ek het die pa kort voor sy dood gewaarsku, soos wat ek vandag hier waarsku, dat jy nie op broederlike liefde kan staatmaak as geld eers losgemaak is nie.

Die testament wat ons uiteindelik vir hom opgestel het, sou al die probleme voorkom het, maar die arme man was teen daardie tyd al so siek dat hy nooit by die ondertekening daarvan uitgekom het nie.

Wat sê dit vir ons? Beplan só dat jou kinders nie teen mekaar te staan kán kom nie. Moenie uitstel nie, doen wat jy wil doen en doen dit vandag. Môre kan dalk te laat wees.

Terug by die trust. Omdat bates in 'n trust nie aan een van die begunstigdes behoort nie, is dit die ideale manier om vir kinders, kleinkinders, skoonkinders of ander naasbestaandes te sorg. Die bates word aan trustees oorgedra wat dan 'n diskresie het oor die verdeling van inkomste.

Let mooi op wie jy as trustees aanstel. As dit een van die kinders is, is jy dalk juis besig om vir wolf skaapwagter te maak. Óf hy verander self in 'n wolf óf die ander maak van hom 'n wolf. Dink goed hieroor na.

**Die magte van trustees en die regte van begunstigdes is soos dit in die trustakte bepaal word.**

Onafhanklike trustees is die pad om te loop. Maar wie? Ek hou van 'n trustmaatskappy pleks van 'n persoon, maar dit is die trustoprigter se keuse.

Ek weet van 'n geval waar 'n trust lankal beëindig kon word en die bates aan die oorlewende kind verdeel kon word (hy is al ouer as 40 jaar), maar die prokureur, wat volgens die trustakte alleenreg het, weier. Die enigste rede na my mening? Sy trusteegeld. 'n Hofbevel moet nou dalk verkry word om hom te verplig. En raai met wie se geld?

Sorg dus dat jy met die opstel van die trustakte die beste kundigheid in die land kry. Onthou, die magte van trustees en die regte van begunstigdes is soos dit in die trustakte bepaal word. Dis 'n kontrak wat jy opstel, nie 'n wenslysie nie.

Of jy nou reeds die bates aan die trust moet skenk? Ek meen nie so nie. Jy gaan onmiddellik geskenkbelasting betaal. En kapitaalwinsbelasting (KWB) op bates ter sake. En hereregte op vaste eiendom.

Jy kan dit liewer testamentêr bemaak aan die trust (nadat jy seker is die trustakte voldoen aan die vereistes van alle wette en jou wense). Jy vermy hereregte. Jou aftrekking op die kapitaalwins verhoog tot R300 000.

Die bate kom wel in aanmerking vir boedelbelasting, maar in jou boedel het jy aftrekkings wat jy in lewe met die skenking nie het nie. Alle skuld, sterf- en siekbedkoste word afgetrek. Maar dit is nie al nie, enige bemakings, selfs aan die trust, waardeur jy vir jou vrou sorg, is ook aftrekbaar vir boedelbelasting.

As jy nou alles aan die trust skenk, verbeur jy hierdie aftrekkings op die bates wat jy geskenk het, wat jy by dood, byvoorbeeld, vir die versorging van jou vrou sou kon eis.

'n Ander manier van doen, sou kon wees om nou die bates aan die trust te verkoop op 'n leningsrekening, of te skenk, maar vir jou en jou vrou 'n lewenslange vruggebruik uit te hou. Dit sal die geskenkbelasting en KWB nou betaalbaar drasties verminder en jul eie genot van die bates tot by dood verseker.

Daar bestaan nie iets soos 'n ideale plan vir almal nie. Ek stel voor jy kry 'n kundige fidusiêre beplanner om 'n omvattende boedelbeplanning te doen. Gaan kyk gerus op Fisa se webblad by **www.fidsa.org.za**.

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.*

**Navrae:** *Mnr. Nico van Gijsen, tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314. E-pos:* ***nico@finlac.com***